higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N480**(E)**(J6)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N6

(Eerste Vraestel)

(4090336)

6 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–09:30

TOEBOEKEKSAMEN

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
ENTREPRENEURSKAP EN ONDERNEMINGSBESTUUR N6
(Eerste Vraestel)
TYD: 30 MINUTE
PUNTE: 50

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Noem TWEE spesifieke kenmerke van hoëprestasie-ondernemings volgens Thompson en Strickland. (2 × 2) (4)

1.2 Noem die eienskappe van 'n goeie visieverklaring. (5)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Omgekeerde metode	A	kleiner besluite word geneem, en hierdie besluite skep saam 'n algehele oplossing
1.3.2	Dinkskrum		
1.3.3	Fraksionering	B	sodra al die deelnemers se idees op die tafel is, kan evaluering gedoen word oor wat die beste oplossing is
1.3.4	Uitgestelde oordeel		
1.3.5	Uitdaging van veronderstellings	C	voordeel-en-nadeelontledingsmetode
		D	oorweeg ander maniere om tot 'n gevolgtrekking te kom
		E	span mense help om moontlike oplossings te identifiseer
		F	verken meer nuwe idees en stel wyer grense om 'n oplossing te vind

(5 × 1) (5)

1.4 As jy 'n entrepreneur is, het jy al 'n miljoen redes gehoor waarom jy jou nie in die sakewêreld moet begewe nie. 'Dit is te riskant. Jy kan in die skuld beland. Jy sal nie genoeg slaap kry nie. Jou sosiale lewe is verby.' Maar selfs ten spyte van hierdie onsekerhede word mense steeds na die sakewêreld gelok.

Gee DRIE redes waarom jy jou eie onderneming moet begin. (3 × 2) (6)

1.5 'Struikelblokke tot verandering kan daartoe lei dat 'n onderneming se pogings om te verander, misluk.'

Noem 'n paar struikelblokke tot verandering wat in 'n onderneming gevind kan word. (3 × 2) (6)

1.6 Wat is die voordele daarvan om op 'n gereelde basis 'n strategiese sakeoorsig/hersiening te doen? (4)

(2 × 2)

1.7 Deur ’n duidelike sakestrategie te skep, behoort jy enige knelpunte te kan oplos en ’n idee te kry van hoe om vorentoe te beweeg en jou mikpunte te bereik.

Watter vrae moet jy jouself afvra wanneer jy ’n sakestrategie skep?

(4 × 2) (8)

1.8 Namate samelewings aanhou ontwikkel en veranderende vraag die behoefte aan nuwe produkte en dienste skep, word ondernemings dikwels gedwing om veranderinge te maak ten einde mededingend te bly.

Noem die faktore wat verandering in ’n organisasie kan veroorsaak. (4)

1.9 Noem die kenmerke van ’n toekomsgeoriënteerde onderneming. (4 × 2) (8)

[50]

TOTAAL: 50

Kopiereg voorbehou